En waar was die registers toe u dit die laaste keer gesien het, waar in die kantoor? -- Dit was op 'n tafel gewees.

Ja en wat gebeur toe daarmee? -- Ek weet nie.

Wanneer het u vir die eerste keer agtergekom die registers is nou weg? -- Ek kan nie die datum onthou nie, maar daar was baie polisiebeamptes daar gewees.

Soek die polisie toe vir die registers by u? -- Ja.

En toe? -- Hulle het dit oopgemaak, gelees, tesame met ander boeke.

Praat u nou van die drie kolonels, of is dit ander polisiemanne? -- Ek praat van die drie kolonels.

Dit is nou daar in u kantoor, terwyl u by is? -- Ja.

En toe hulle nou klaar gekyk het, wat gebeur toe? -- Niks het gebeur nie, behalwe dat my registers het vermis geraak.

Mnr Mthembu, maar hier is u nou en die drie kolonels, hulle kyk na die boeke, wat gebeur met die boeke? -- Ek is van mening dat hulle of een van hulle het dit gevat.

Toe die drie kolonels nou daar was en hulle kyk na die boeke, is u saam met hulle by die kantoor uit? -- Ek het wel uitgegaan op verskillende dae het hulle wel daar gekom, soms was hulle twee gewees en op stadiums het ek die kantoor verlaat en hulle daarbinne agtergelaat.

Mnr Mthembu, kom ons praat nou van die geleentheid waar die drie kolonels daar was. U het gesien hier sit hulle met die boeke. Toe hulle weg is, is die boeke nog daar? -- Nee.

En wie was die drie kolonels? -- Die eerste een is kolonel Greeff.

Ja? -- Davidson. Die een wat daarvan hou om Zoeloe te praat, dit is die kort een, het ek sy naam vergeet.

Du Pont, die een wat hier getuig het? -- Dit is hy.

Het/...

Het u, mnr Mthembu, onmiddellik nadat hierdie drie kolonels by u kantoor uit is die boeke vermis? -- Ek kan nie goed onthou nie, dit was deurmekaar. Dit was nie maklik om alles te kan onthou nie.

So u kan nie onthou of die boeke reeds vermis was nadat die kolonel by die kantoor uit is nie? -- Nee, ek kan nie ander redes gee nie, want dit was koud gewees, daar was 'n verwarmer in die kantoor en hulle het nie net op een dag gekom nie, op verskillende dae het hulle gekom.

U het nie by enige geleentheid waar die polisie daar was onmiddellik na hulle weg is agtergekom, maar hierdie boeke is weg, die polisie moes dit gevat het nie? -- Ek het reeds verduidelik.

Ek wil net seker maak dat ek u verduideliking reg verstaan. Het u op 'n stadium gesien die boeke is weg en toe aangeneem dit moes deur die polisie verwyder gewees het, of het u, direk na 'n polisiebesoek gesien die boeke is weg en geweet hulle moes dit gevat het? -- Ja.

Wat is die posisie, kan u dit net vir my verduidelik? -- Daar is baie boeke wat hulle oopgemaak het. Hulle het ook verskillende kamers binnegegaan en nie net op een stadium nie, op verskillende tye.

U sien mnr Mthembu, daar is pertinent aan kolonel Davidson gestel dat hulle op u boeke beslag gelê het en nou blyk dit dat u nie presies weet wat in die boeke gebeur het nie. Dit is mos nie dieselfde ding nie? -- Al kan dit nie dieselfde wees nie, maar dit on op 'n Saterdag of 'n Sondag, dit is deur 'n polisiebeampte se hande gevat.

Hoekom het u dan Vrydag in u getuienis vir die hof gesê u weet nie deur wie die registers geneem is nie? -- Die rede

dat/...

dat ek so getuig het is omdat ek ken nie een persoon wat die registers gevat het nie, selfs nie twee nie. Dit is moontlik dat een of twee beamptes dit kon gevat het.

Het ek u getuienis reg verstaan dat dit u is wat aan mnr Ntuli byvoorbeeld die taak gegee het om as hekwag op te tree? -- Dit is Yskor.

Het Yskor spesifiek vereis dat daar 'n hekwag sal wees wat mense sal deursoek en toegang sal beheer? -- Ja.

In u getuienis Vrydag het u gesê die hekwag deursoek 'n besoeker en hy kom dan na u as hy nie meer gevaarlik is nie? -- Ja.

Kan u net verduidelik wat u bedoel daarmee, hoe bedoel u, as hy nie meer gevaarlik is nie? -- 'n Persoon kom daar met sy besittings en die beheerbeampte maak daardie besittings oop om vas te stel dat die persoon nie goedere mag inbring wat nie toegelaat word nie.

U het vir die hof Vrydag vertel mnr Mthembu dat die komitee waarvan u voorsitter was, net te doen gehad het by diens by Yskor. -- Hy het nie mooi gevolg wat ek gesê het nie.

Het die komitee dan ander funksies ook gehad? -- Die werkskomitee, dit verteenwoordig die werknemers want ons het nie 'n vakbond gehad nie, wat sal vir die inwoners van KwaMadala Hostel verteenwoordig nie.

Het die komitee ook byvoorbeeld die funksie gehad om dissipline daar in die hostel te handhaaf? -- Ons, daar by KwaMadala Hostel doen ons werk so: indien 'n persoon iets nie goed gedoen het nie, ons as werkskomiteelede kies 'n paar mense om by te wees om te kom luister alles wat aan die persoon gesê word. En die luisteraar het ook die reg om iets te kan sê, maar ek is die persoon wat die dissiplinêre aksie moet neem.

En/...

En mnr Mtwana was ook lid van hierdie komitee? -- Tot op hierdie stadium is hy 'n lid.

Die hof het hier gehoor dat daar onder meer in die hostel bydraes gevra is vir regskoste, stem u saam? -- Ja.

Wie het nou besluit hoeveel geld daar geïn moet word by die inwoners? -- Dit is die inwoners.

Was dit besluit by vergaderings wat vir die doel gereël is? -- Ja.

En wie het die geld wat so geïn is, geadministreer? -- Die komitee van die IVP.

Nou as daar nou 'n individuele inwoner van die hostel byvoorbeeld vir winkeldiefstal gevang was, is sy regskoste betaal? -- Nee.

Nou wat was die maatstaf, in watter tipe sake is die regskostes deur al die inwoners van die hostel gedra? -- Ek verstaan nie mooi nie?

U sê nou 'n winkeldiefstal-saak, by 'n winkeldiefstal-saak byvoorbeeld sal 'n inwoners se regskoste nie gedra word nie. In watter tipe saak sal regskostes deur die inwoners betaal word? -- 'n Persoon moet sy probleme gaan voorlê by 'n vergadering en daarna die inwoners sal die besluit neem of die persoon gehelp moet wees, al dan nie.

Die hof het hier gehoor dat as daar byvoorbeeld 'n besluit sou wees dat die mense in KwaMadala Hostel moet uitgaan, dan sou dit onder leiding van beskuldigde 9 geskied. Stem u saam? -- Indien hy verkies is.

Nou dit is mos so dat beskuldigde 9 op 'n stadium in die plek van mnr Mtwana verkies is om die leiding te neem as die groep in tradisionele gewaad en met wapens iewers heen sou gaan? -- Hy het vir ons gelei op verskeie kere.

Nou/...

Nou beskuldigde 9 het ook vir die hof gesê dat hy nie op sy eie kon besluit dat die mense nou uitgaan nie, dit moet deur

mitee nie, maar die inwoners.

In die hostel, soos die lewe daar is, staan beskuldigde 9 onder u gesag? -- Ja.

Niemand sal daar in die hostel 'n vergadering hou sonder u toestemming nie? -- Dit is nie wenslik om dit so te doen nie.

Is dit u ondervinding dat u altyd gevra was om toestemming, voordat daar vergadering gehou is, in die hostel? -- Ja u edele.

Is ek reg mnr Mthembu dat wat Yskor aanbetref, u die persoon was wat hulle as die verantwoordelike man beskou het en hulle het u vertrou? -- Baie.

Nou voor 17 Julie 1992, voor die Boipatong-aanval nou, is dit ook so dat daar verskeie kere deur die polisie optredes by die KwaMadala Hostel was? -- Ja.

Is dit so dat in die periode voor die Boipatong-slagting het die polisie altyd met u saamgewerk as hulle iemand wou uithaal in die hostel of iets wou soek daar in die hostel? -- Dit het nooit gebeur dat hulle daar gekom het om iemand te kom soek nie, maar alles wat hulle kom doen het, het ek mooi saam gewerk.

Voor die Boipatong-aanval, het die polisie ook by tye die hostel deursoek? -- Ek kan nie goed onthou nie, dit is lank terug.

U het wel vroeër vir die hof gesê, daar was optredes voor 17 Junie wat u mooi saamgewerk het. Watter tipe optredes? -- Op 'n sekere dag het die polisie daar gekom, hulle het 'n voertuig, Big Six, ligblou van kleur, kom soek.

Het/...

Het hulle ook in daardie tyd op 'n stadium vuurwapens gesoek? -- Ja.

En vir die vuurwapens het hulle kamers deursoek? -- Ja.

En tydens die optredes was daar elke keer samewerking gegee aan die polisie en was daar geen insidente nie? -- Ja, behalwe op een stadium, dit was in Oktober 1991, was ek nie by die hostel gewees nie, ek was af huis toe, het daar lede van die Weermag, SADF, gekom en daar is persone beseer, maar ek was nie by gewees nie.

Die geleenthede waar u by was het alles mooi verloop? -- Ja.

Is dit ook so dat die polisie, as hulle daar, voor nou die Boipatong-aanval, optredes geloods het, dan het hulle u altyd saamgeneem en u het as tolk opgetree? -- In meeste van die gevalle dit is wel so.

U was ook teenwoordig, dit is nou na die Boipatong-aanval, in Maart 1993 toe daar verdere persone die aand by die hostel gearresteer is? -- Ja.

En u was ook op die toneel daar waar die mense van kamer tot kamer uitgewys is? -- Ja.

In watter kamer het die polisie die videomasjien gekry? -- Die videomasjien?

Ja? -- Ai, ek dra geen kennis van dit nie, ek kan dit nie onthou nie.

Het u die videomasjien die aand gesien toe die polisie daar by die hostel was? -- Ja.

Waar was dit toe u dit gesien het? -- Ek het dit binne-in 'n voertuig gesien. Dit was nadat mense daar onder begin kla het, blykbaar was daar 'n persoon, 'n inwoner, wat geslaan is en ek het toe soontoe gegaan. Daar was ook goedere geneem.

Nie/...

Nie net die videomasjien alleen nie.

Het u by die mense, u inwoners, vasgestel daar dat die polisie die videomasjien geneem het en ander goed ook geneem het? -- Ja die was neergeskryf op papiere, nie net een papier nie.

Het die polisie 'n kwitansie of kwitansies uitgemaak vir die goed wat hulle die aand daar gevat het? -- Hulle het een kwitansie uitgereik en die is aan die kamereienaar gegee.

Kan u onthou aan wie die kwitansie oorhandig is? -- Ja.

Aan wie? -- Mampi Kheswa.

Mnr Mthembu, wat is die kamernommer waarin Mampi Kheswa bly? -- U sal my verskoon, die nommer het my ontgaan, maar ek weet wat die nommer is.

Was u ook by in die loop van 1992 toe die polisie die haelgeweer daar uitgehaal het onder die kole?

TOLK: Onder die?

ME DE JAGER: Kole, steenkole? -- Ek was by gewees. Ek vra om 'n verduideliking te gee.

Kan u net eers vir die hof sê waar die steenkole was? -- Die steenkole is voor die ou kombuis, daar is 'n fondasie gemaak by die omgewing en die kole is daar ingegooi.

Die beskuldigde 70, Sipho, Thomas Lukhozi, en die oorlede beskuldigde 67, Themba Mabote, het u beide van hulle geken? -- Nee. Ek het hulle leer ken nadat hulle daar in KwaMadala Hostel kom woon het.

Nou was u bewus van die hofsaak wat hulle bygewoon het in Vereeniging wat blykbaar op 19 Junie 1992 ten einde geloop het? -- Ja.

Na afloop van die hofsaak, na 19 Junie het die twee, beskuldigde 70 en die oorledene beskuldigde 67, in die hostel gebly? -- Daar was baie mense wat in die hostel gewoon het.

Was/...

Was hierdie twee daaronder? -- Dit was baie min of vir hulle te sien tydens die loop van daardie saak, maar hulle het wel teruggekom hostel toe en hulle het vir 'n lang tyd daar gewoon.

Die week van 22 Junie, dit is nou Maandag 22 Junie en verder die week, as my geheue my nie in die steek laat nie is dit daardie week wat die polisie gekom het en by al die kamers foto's geneem het van die inwoners, nè? -- Ja, wettiglik het hulle mooi met ons gewerk, maar die afneem van die foto's het hulle daarmee op die 18de begin.

Mnr Mthembu, dit blyk dat sekere van die persone wat in die hostel gebly het daardie tyd se foto's nooit geneem is nie. Kan u verduidelik hoe dit gebeur het? -- Ai, ek weet nie.

Net om terug te kom na die - u het nou gesê vir die hof vroeër dat u was by toe die polisie daar tussen die steenkole 'n haelgeweer gekry het. -- (Geen hoorbare antwoord)

U onthou dit? -- Ja.

Was beskuldigde 59, Sipho Buthelezi, saam met die polisie daar? -- Ek het aanvanklik 'n versoek gerig dat ek wil eers verduidelik, nou op hierdie stadium gaan ek nie 'n antwoord gee voordat ek verduidelik het.

Was beskuldigde 59 saam met die polisie daar... (tussenbei)

<u>HOF</u>: Wel gee hom 'n kans om die verduideliking te gee juffrou.

<u>ME DE JAGER</u>: Soos die hof behaag.

<u>HOF</u>: Wat is die verduideliking? -- Dankie u edele. Kaptein Steenkamp, twee voertuie het reeds tot stilstand gekom, 'n Njala. Die plek van die steenkole was reeds toegemaak gewees. Ek het uit die kantoor uitgekom om te gaan kyk wat daar aangaan. Kaptein Steenkamp het vir my gevra om 'n spitgraaf

aan/...

aan hom te gee. Hy het toe my versoek om nie nader te gaan nie, want die videokamera kan my vaslê en later kan daar gesê word dat ek was die persoon wat die uitwysing daar gedoen het. Om daardie rede het ek nie tot daar gekom nie. Ek weet nie wat het gebeur daar nie. Toe die spitgraaf vir my teruggegee was het kaptein Steenkamp dankie vir my gesê en hy het toe teruggekeer.

ME DE JAGER: Nou u het vroeër gesê u het gesien daar is 'n haelgeweer daar gekry. Wanneer het u die haelgeweer gesien? -- U is haastig om vrae vir my te vra en u gee my nie die geleentheid om alles te verduidelik nie. Ek het dit nie daar gesien nie, ek het dit die eerste keer by die hof in Delmas gesien.

U het vroeër vir die hof gesê dat toe u nou kom by die plek waar die steenkole gebêre was, toe was iets reeds toegemaak, kan u net vir die hof verduidelik wat u daarmee bedoel het? -- Voorheen was dit steenkole gewees, maar op hierdie stadium is daar nie meer steenkool nie, behalwe die oorblyfsels daarvan. Dit was in die ou dae toe die mense nog by die kampong gewoon het.

Verstaan ek u reg, as u sê dit was reeds toegemaak, daardie plek waar die steenkoolreste was, was nie meer in gebruik nie? -- Dit is so.

Nou die dag waarvan ons nou praat waarop die haelgeweer uitgehaal is, het u vir beskuldigde 59 daar gesien? -- Nee, ek het nie vir hom gesien nie, ek was baie ver.

Is dit 'n geleë tyd u edele?

HOF: Die hof sal verdaag vir 15 minute.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT**

**MANDLA MOSES MTHEMBU, s.o.e. (deur Tolk)**

KRUISONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER (VERV.): Kan u vir die hof sê in watter kamernommer beskuldigde 70 gewoon het? -- Die ou nommers, 101.

Is dit dieselfde kamer waarin Mampi Kheswa gebly het? -- Nee.

Mnr Mthembu, as die megafoon by die hostel geaktiveer word, is daar meer as een manier hoe hy gelui kan word, hoe die sirene gebruik kan word? -- Ja.

Sal u dit net vir die hof verduidelik asseblief? -- 'n Knoppie word gedruk, dan gee dit 'n ander geluid.

Was dit bekend in die hostel dat as 'n sekere knoppie gedruk word en 'n bepaalde geluid word voortgebring, dat dit beteken die inwoners moet gewapen uitkom? -- Nee.

Verduidelik net vir die hof hoe die twee wyses, hoe die verskillende wyses hoe die sirene geaktiveer kon word gewerk het? -- Indien 'n persoon oor die luidspreker of megafoon praat en sy stem kom nie duidelik uit nie, kan 'n persoon die knoppie druk, selfs wanneer die batterye pap is.

Maar lui die sirene elke keer op dieselfde wyse, maak hy dieselfde geluid? -- Nee.

Word die verskillende geluide van die megafoon se sirene vir verskillende doeleindes in die hostel gebruik? -- Nee.

Op die video film wat op 18 Junie geneem is in die hostel wat hier in die hof vertoon is, is dit duidelik dat die alarm geaktiveer word en dan kom die inwoners uit en die meeste van hulle het wapens, nè? -- Ja.

Nou het die inwoners geweet as die alarm lui dat hulle hul wapens moet saambring? -- Nee.

Is dit nie soos beskuldigde 2 vir die hof vertel het dat

u/...

u daar by KwaMadala Hostel in die vrees van 'n aanval geleef het nie en dat die inwoners geweet het as die alarm geaktiveer word kan dit dalk beteken dat daar 'n aanval aan die kom was nie? -- Dit is nie die enigste rede nie.

Sou een van die redes waarom die alarm geaktiveer word, dat daar 'n moontlike aanval aan die kom is? -- Nee.

So u stem nie saam met beskuldigde 2 se getuienis in hierdie verband nie? -- Ek stem nie saam nie.

Waarvoor sê u word die sirene gebruik? -- Dit is om die inwoners van KwaMadala Hostel te roep na die arena.

Was daar voor 17 Junie 1992 sprake by geleentheid van 'n aanval of 'n dreigende aanval op die hostel, die KwaMadala Hostel? -- Ja, daar was ook pamflette tot daardie effek.

Was dit voor 17 Junie 1992 ooit nodig om die inwoners byeen te roep om 'n moontlike aanval af te weer? -- Nee, enige persoon het geweet dat by die Vaaldriehoek word ons nie benodig nie.

Ja? U het dalk nie die vraag verstaan nie, laat ek net herhaal mnr Mthembu. Was dit ooit nodig, voor 17 Junie 1992 dat u die mense moes oproep of wakker maak, deur die loop van die dag oproep om bymekaar te kom sodat julle 'n - omdat daar 'n moontlikheid van 'n aanval was? -- Ja.

En het u by daardie geleenthede die inwoners met die sirene van die alarm byeen geroep, die sirene van die megafoon? -- Nee.

Hoe het u die mense byeen geroep? -- Ek het teruggekom van die firma, ek het by bof plant gewerk. Ek het teruggekeer na die firma en my broers wat in KwaMasiza Hostel woon, het vir my gesê dat op so 'n dag gaan daar 'n aanval geloods word en dit het ek oorgedra aan die voorman. Ek het afgevra,

teruggekeer/...

teruggekeer na KwaMadala Hostel. Van die persone wat ek kon geslaag het om wakker te maak het ek wel wakker gemaak en die inligting aan hulle oorgedra en terselfdertyd het ek na die plant gebel, maar ek het ook gesê dat ek wil nog meer inligting bekom voordat ek al die persone kan wakker maak.

Nou beskuldigde 2 - en as geheue my nie in die steek laat nie, mnr Ntuli, het vir die hof gesê dat daar by geleenthede voor 17 Junie sprake van 'n aanval was, waar al die inwoners dan opgeroep is by wyse van die sirene. Stem u nie saam nie? -- Ai, ek kan nie onthou nie.

As hy so gesê het, stem u nie saam nie? -- Ek het reeds gesê, ek kan nie onthou nie.

Wat is dit wat u nie onthou nie? Is dit dat daar vantevore 'n oproep by mense was, 'n oproep op die inwoners was om bymekaar te kom omdat daar 'n moontlike aanval sou wees, of wat? -- Ek kan nie onthou, soos u dit nou aan my stel, of daar 'n oproep was dat daar gaan 'n aanval wees, of beskuldigde 2 ooit so getuig het, of mnr Ntuli, dit kan ek nie onthou nie, maar ek kan dit nie betwis nie.

Die kamer waar u woon, is dit die eerste kamer, die naaste kamer aan die hek? -- Nee.

Kan u miskien met verwysing na die lengte van die hofsaal vir die hof 'n aanduiding gee hoe ver u kamer van die destydse hoofingang geleë was? -- As u die grootte van 'n kamer by Kwa-Madala Hostel weet, kan ek sê vanaf my kamer na die hek mens gaan verby 19 kamers wat ook toilette bevat.

Weet u pertinent hoe laat u die aand van 17 Junie deur mnr Ntuli wakker gemaak is die eerste keer? -- Nee, ek weet nie presies hoe laat was dit nie, maar toe ek, daarna toe ek die tyd gekyk het was dit voor elfuur.

Kan u onthou of u na die tyd gekyk het voor of nadat u geroep is vir die weermagmense? -- Dit was voordat die weermagmense my geroep het.

Toe mnr Ntuli u kom wakker maak, dit is nou die eerste keer, het hy vir u gesê wat aangaan, voor u by die hek gekom het? -- Ja.

Wat presies het hy vir u gesê? -- Hy het gesê die sekuriteit roep vir my.

Ja? -- Hulle doen navraag of al die inwoners aan die binnekant is. Soos 'n persoon wat ek geken het, het ek geweet dat hy kan nie 'n amptelike taal goed verstaan nie.

Het hy vir u iets gesê van die beweerde aantog van mense oor Frikkie Meyer Boulevard in die rigting van KwaMadala Hostel? -- Hy het toe daar uitgekom.

U kon dit aflei van wat mnr Ntuli vir u gesê het toe hy u kom roep het, verstaan ek u reg? -- Ek verstaan nie mooi nie?

Mnr Mthembu, ek wil vasstel of mnr Ntuli, toe hy u kom roep by u tafel, ag, by u kamer, reeds vir u laat verstaan het dat daar 'n klomp mense in aantog is oor Frikkie Meyer Boulevard op pad na KwaMadala Hostel toe? -- Ja.

Nou goed, die sekuriteitsbeampte sê toe ook vir u, hier is nou 200 mans in aantog, het hy gesê of hulle gewapen is? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

U het Vrydag aan die hof gesê dat u het 'n idee gehad wat hierdie 200 mense sou kom maak, watse idee was dit? -- Om te kom aanval.

Dit was seker vir u ontstellende en skokkende nuus wat nou aan u oorgedra is? -- Dit is so.

Het hy inderdaad vir u gesê dat hierdie groep nou al oor Frikkie Meyer Boulevard is? -- Ja, die sekuriteit het dit so

aan/...

aan my genoem.

Het dit gelyk asof die sekuriteitsbeampte dalk onder die indruk is dat dit dalk mense is van KwaMadala Hostel? -- Nee, hy het dit nie genoem nie. Hy het net gesê dit is aanvallers.

Het hy wel vir u gevra of u weet waar die inwoners van KwaMadala Hostel is, u mense is? -- Nee.

Nou hoekom sê u dan vir hom, al u mense is daarbinne? -- Omrede hy wou by my gehoor het wat weet ek.

Maar u het nooit die indruk gekry hy dink die mense wat op pad is, is u eie mense dalk nie? -- Nee, ek het nie so 'n indruk gekry nie.

Nou op grond waarvan sê u vir hom al u mense is in? -- Ek is die persoon wat met die mense werk. Ek is die enigste een wat moet weet as die mense teenwoordig is, of nie.

Nou hoe het u geweet al die mense is in? -- Ek het mnr Ntuli, wat wagdienste gedoen het daar by die hek, dit was ook sy skof.

Het u hom gevra? -- Ja.

Goed die man, die Paul het nou vir u gesê daar is 200 mens op pad, hulle is oor Frikkie Meyer, hulle is almal mans, wat nog het hy vir u gesê? -- Hy het my versoek om daar vir 15 minute te wag, want hulle het reeds die polisie gesê, hy gaan gou-gou na hulle toe en van daar af sal hulle navraag doen by die oos-hek en per telefoon sal ek dan meegedeel word van die omstandighede. Hy het verder genoem dat hulle 'n tweerigting-radio het.

Maar mnr Mthembu, hoekom maak u nou nie u mense wakker dat hulle reg kan wees in geval daar 'n aanval is nie? -- Ek het Vrydag my rede gegee. Dit sou die inwoners gepla het om hulle wakker te maak en ek was reeds gesê om te wag, later sal hulle

vir/...

vir my sê van die omstandighede en die hostel is die eiendom van Yskor.

Maar mnr Mthembu... (tussenbei) -- Die persoon wat my so versoek het is die een wat daardie aanvallers gesien het, nie ek nie. (Pouse). Nog 'n rede, sou die inwoners sou my ook gepla het want hulle sou met 'n versoek gekom het dat hulle wil gaan kyk waar is die aanvallers en dit is ook donker.

Op grond van u kennis van die omgewing en dit wat die Paul vir u gesê het, het u geweet die groep moet nou iewers in die veld tussen Frikkie Meyer Boulevard en KwaMadala Hostel wees, nie waar nie? -- Ja, dit is in die gras.

En u het geweet die hostel kan benader word, hetsy met die teerpad langs of agterom by die opening wat u van geweet het by die hek, ag, by die, by die draad? -- Wat ek weet is dat die aanvallers het reeds die besluit gehad hoe om die hostel te nader om 'n aanval op ons te kom loods.

En daar was een van twee wyses om by u uit te kom, hetsy agterom by die gat in die draad, wat u die hof van vertel het, of voor om by die hoofhek. -- Ek sal nie vir hulle kan kies nie, ek weet nie, maar dit is twee moontlike plekke.

Het u enigsins oorweeg om die mense wakker te maak? -- Ja.

Toe u nou later by die weermag hoor dat die mense in die gras verdwyn het, u het gesê toe die weermag kom het u besef die omstandighede word nou ernstig. -- Dit is so.

Wat het u laat dink dat die situasie nou ernstig word? -- Twee weergawes, is duidelik.

Die eerste weergawe is nou aan u bevestig, daar is mense op pad. -- Dit is so.

En nietemin maak u nou nie hierdie tweede keer die mense wakker nie? -- Nee.

Om/...

Om dieselfde rede as wat u hulle die eerste keer nie wakker gemaak het nie? -- Ja.

Ek stel dit aan u mnr Mthembu dat u getuienis in hierdie verband uiters onwaarskynlik is. As u werklik gedink het dat daar 'n aanval in swang was, sou u onmiddellik alarm gemaak het? -- Ek het kennis van die werk wat ek doen. Ek is 'n Zoeloe. Ek is 'n man. Ek is ver gevorder in my ouderdom.

Ek wil dit aan u stel mnr Mthembu, die rede waarom u nie alarm gemaak het daardie aand nie is omdat u geweet dat die groep wat deur die Yskor sekuriteit en die weermag gesien is, u eie mense was. -- Nee, dit is nie so nie.

Om watter redes het u die volgende oggend, 18 Junie, vroeg, reeds om kwart voor ses, vir diens aangemeld? -- Die omstandighede was nie lekker nie. Daar was ook baie mense wat vir my gebel het. Ek het gehoor toe daar gepraat is tydens die aanwesigheid van die Vaal Kommando's en die sekuriteitsmense, daar is orals gepraat.

Daar is gepraat... (tussenbei)? -- Daar is nie direk met my gepraat nie, maar ek kon hoor.

Daar is gepraat oor 'n groep wat in aantog was na KwaMadala Hostel toe. -- Ja.

Wat presies het u gehoor is gesê? -- Die aanvallers wat KwaMadala Hostel kom aanval wat gesien is oor Frikkie Meyer Boulevard gaan.

Ja maar wat, die situasie was mos nou nie meer dieselfde die volgende oggend nie. Hoekom het u so vroeg by die werk aangekom? -- Nadat ek die aand gepraat het met die lede van die Vaal Kommando het ek vir twee ure lank gesit.

Ja maar daar het toe mos nou niks gebeur nie. Hoekom staan u toe nou die volgende oggend om kwart voor ses al op

u/...

u pos? -- Volgens my posbeskrywing sê ek moet beskikbaar wees vir 24 ure. (Direk in Afrikaans, nie deur tolk).

U het ook vir die hof gesê dat u normaalweg, as ek reg onthou, halfagt die oggend begin werk, maar u het vir die hof pertinent in u getuienis gesê, die oggend van die 18de het u nie gewone tyd aangemeld nie, u het kwart voor ses reeds aangemeld. Nou vra ek vir u waarom? -- Miskien u verstaan nie mooi wat my rede is nie. Ek is die persoon wat die werk doen. As ek besef dit is moeilik vir my, ek was nie aan die slaap gewees nie. Dit is omrede dat ek die oggend om 'n ongewone tyd opgestaan het, want die situasie was nie meer normaal nie.

As gevolg van die dreigende aanval, waarvan u die vorige nag gehoor het. -- Dit is so.

Het u daardie volgende oggend radio geluister of televisie gekyk? -- Nee, die televisiestel wat ek besit is buite werking. Ek het ook nie na die radio geluister nie.

Goed. Nou toe die vrou nou vir u skakel om, voor nege die oggend, het ek u reg verstaan sy sê toe vir u dat die polisie het mense by die robot voorgekeer wat op pad was om julle aan te val? -- Ja.

Toe roep u nou u mense bymekaar? -- Ja.

Omdat daar 'n bedreiging van 'n aanval is? -- Ja.

Nou mnr Mthembu, hoekom doen u dit nou die oggend van die 18de waar u hoor dat die polisie die mense reeds by die robot voorgekeer het, maar u het nie die vorige aand gehoor toe die mense nie gekry kon word nie en reeds die pad oorgesteek het na die hostel toe nie? -- Die persone wat die inligting die aand gebring het is persone wat saam met ons gewerk het, maar die volgende oggend toe die inligting deurgekom het was dit van 'n ander persoon.

Toe u nou die mense bymekaar roep het u vir die groepie wat in die arena, soos u dit noem, byeengekom het, vertel van die oproep wat u ontvang het? -- Ja.

Het u vir die mense vertel dat u die inligting gekry het dat daar 37 mense gedood is? -- Ja.

Het u vir hulle gesê waar die inligting vandaan gekom het? -- Ja.

Hoe het u dit vir hulle verduidelik, vanwaar het die inligting gekom? -- Ja.

Hoe, hoe, wat het jy vir hulle gesê, oor die bron van die inligting? -- Ek het gesê ek het 'n oproep van buite gekry met die inligting dat daar is 37 mense gedood.

U het net gepraat van 'n oproep van buite, u het nie gesê dit is 'n vrou wat u ken nie? -- Ek het dit gesê.

U stem dus saam met mnr Bojosi se getuienis dat u die oggend van die 18de vroeg reeds vir hulle gesê het dat daar 37 mense gedood is? -- Ek het so getuig.

U sien mnr Mthembu, kan u dan net vir die hof verduidelik waarom namens u aan mnr Bojosi gestel is dat u ontken dat u inligting gegee het in verband met die persone wat gedood is in Boipatong? -- Ek het dit so getuig, ek het dit nie betwis nie.

Mnr Mthembu, daar is aan mnr Bojosi inderdaad gestel dat u ontken dat u inligting gegee het in verband met die getal persone wat in Boipatong gedood is. Daar is so gesê in die hof waar u gesit en luister het, waar u was. -- Ek weet nie hoe om anders te verduidelik nie. Ek wat reeds gesê het, het ek wel gesê... (tussenbei)

As... -- ...deur wie dit gesê is, vir my is dit nie belangrik nie.

As u hier in die hof gehoor het dat daar 'n foutiewe

stelling/...

stelling aan 'n getuienis gemaak word, dan sou u dit seker onder u regsverteenwoordigers se aandag gebring het? -- Ek sou vir hom laat weet het.

Net 'n finale aspek oor die gebeure die oggend van die 18de: Toe u en die groep mense uit Boipatong by die verkeersligte kom, toe was die polisie reeds daar, nè?

TOLK: Uit? Uit Boipatong?

ME DE JAGER: Toe u, die inwoners van KwaMadala Hostel, by die robot kom, was die polisie reeds by die kruising, hulle het die kruising daar bewaak? -- Dit is so.

Daardie oggend mnr Mthembu, toe u die groep mense in die arena byeen gebring het, voordat julle uit is na die robotte toe, het iemand die liedjie daar oor die spies wat rooi is gesing? -- Tydens my aanwesigheid, dit het ek nie gehoor nie.

Ken u die liedjie, soos wat deur mnr Bojosi beskryf is? -- Ek ken nie die liedjie nie.

Dit is nie 'n liedjie wat gereeld daar by die hostel gesing word nie? -- By die hostel word daar nie gesing nie, daar word wel gesit en probleme oplos.

Word daar nooit tydens vergaderings liedjies gesing deur die mense daar in die hostel nie? -- Soms sing hulle.

U het nog nooit 'n liedjie gehoor wat daar gesing word van die spies wat rooi is van die bloed nie? -- Ek kan nie onthou nie, want wanneer ek opdaag by 'n vergadering, daar word gesit en die rede waarvoor byeen gekom is word opgelos.

Mnr Mthembu, die hof het hier gehoor van die Jabulani-"rally", is dit korrek dat die byeenkoms, die Jabulani-"rally" op Sondag 14 Junie 1992 plaasgevind het? Dit is nou die Sondag voor die sogenaamde Boipatong-slagting. -- Al kan ek nie die datum onthou nie, daar was wel 'n vergadering gewees en

dit/...

dit was om voor te berei vir die bywoning van die "rally" in Jabulani.

Is dit korrek mnr Mthembu dat daar inderdaad voor hierdie "rally", twee vergadering in die arena in die hostel gehou is om die "rally" te bespreek. Ek het reeds getuig dat daar is voorberei vir die "rally" in Jabulani, hoeveel keer, kan ek nie onthou nie.

U het vir die hof getuig dat daar in die kantoor spaar meubels gehou word, nè? Verskoon tog, die stoorkamer, jammer, jammer, ek sien ek het 'n fout gemaak. -- Ja.

Is dit die enigste stoorplek vir spaar meubels? -- Dit was voorheen die enigste plek gewees, maar op hierdie stadium is daar nou twee.

Ja, maar daardie tyd van 17 Junie 1992 en voor 17 Junie 1992, was dit die enigste stoorplek? -- Ja.

En dit was ook die enigste plek in die hostel waar matte gehou is, spaar matte gehou is? -- Ja.

U het die sleutel daarvan gehad? -- Ja.

Het u ooit vir mnr Bojosi uit daardie stoorkamer matte voorsien? -- Ek kan nie onthou nie. Al persone wat reg mag hê op matte is persone wat vir Yskor werk. Moontlik het hy daar saam met 'n werknemer van Yskor gekom.

Hy sou sekerlik net van die matte in die stoorkamer geweet het indien hy by was op 'n stadium toe u daar oopgemaak het? -- Dit is so.

Mnr Mthembu, indien die sirene op die aand van 17 Junie 1992 geaktiveer was om die inwoners byeen te roep, sou u dit moes gehoor het, of nie? -- Ja.

En niemand het daardie aand die megafoon wat onder u bewaring is vasgelê of gebruik sonder u toestemming nie? -- Nee.

As mnr Ntuli nou sou gesien het dat daar gewapende mense uit die hostel uit opruk, of daarso uitgaan, wat sou sy plig gewees het, wat moes hy gedoen het? -- Hy moes die twee hekke gesluit het en wel vir die sekuriteitsmense, vir my kom wakker maak.

Dit is u getuienis dat die gebeure soos geskets deur die staatsgetuies, die vergadering die aand daar by 17 Junie 1992, die uittog van die mense daar by die hek uit, dit kon nie plaasgevind het nie, die mense lieg? -- Regtig so, ja.

Mnr Mthembu, net om terug te keer na 18 Junie toe. U het hier gesê die polisie moes die slot oopbreek. Wou u dan nie vir hulle oopmaak daar nie? -- Ek sou vir hulle oopgemaak het, dit is my werk en ek werk ook saam met die polisie.

Het hulle nie vir u gevra om daar oop te maak nie? -- Nee.

Mnr Mthembu, toe die polisie nou die middag van 18 Junie daar kom, toe het hulle begin deursoek in sekere kamers, nè? -- Ja.

En toe het daar van die inwoners opstandig begin raak daar voor die hek, nie waar nie? -- Ja.

En toe begin beskuldigde 53 daar rondloop met die megafoon en hy roep nog mense om nader te kom? -- Ja.

Het u vir hom opdrag gegee om die mense bymekaar te roep? -- Ja.

Hoekom? -- Op daardie stadium die polisie het reeds by die hek opgedaag.

Maar die polisie was mos voor dit alreeds in die hostel en het alreeds begin deursoek? -- Ja.

Hoekom is dit toe vir u nodig om die mense bymekaar te roep? -- Hulle het nie die slot oopgebreek nie. Hulle was nie so baie gewees nie. Tweedens, ons het geweet dat daar kan 'n

aanval/...

aanval wees op ons.

Mnr Mthembu, ek weet nie of ek reg verstaan nie. Daar kom polisie in en hulle is besig om daar kamers te deursoek. Hoekom besluit u op daardie stadium om al die mense in die hof bymekaar te roep? -- Ek het reeds verduidelik dat die omstandighede was nie soos gewoonlik nie, "it was beyond my control" u edele.

Maar die byeenroeping van die inwoners met behulp van die sirene, was binne u beheer, hoekom het u dit gedoen, of laat doen? -- Ek het voorheen verduidelik. Mense - ek het reeds verduidelik dat daar was inligting gewees dat daar gaan 'n aanval geloods word en die telefoonoproepe wat ons ontvang het, alles was op ons gerig gewees.

Maar mnr Mthembu... (tussenbei)? -- Selfs die voorval by die verkeersligte.

Mnr Mthembu, ons praat nou van die middag nadat die polisie die hostel ingekom het, nadat hulle begin deursoek het, waarom was dit vir u op daardie stadium nodig om die mense bymekaar te roep? -- Elkeen moet self sien wat daar aangaan.

Was u ontevrede met die polisie se optrede? -- Nee, ek was ontevrede gewees.

Waarom was u op daardie stadium ontevrede? -- Die polisie het nie met my gepraat sodat ek in staat kan wees om vir 'n persoon te kan sê wat daar aangaan indien daardie persoon sou navraag doen nie.

U het ook geweet as u die sirene aktiveer, gaan die mense uit hulle kamers kom en hulle gaan bymekaar kom, nie waar nie? -- Dit is so.

En op die stadium toe daardie sirene geaktiveer is, was daar reeds 'n samedromming en reeds tekens van aggressie teen

die/...

die polisie. -- Eerstens, die mense was reeds daar gewees by die omgewing van die hek. Die wyse hoe hulle die hek oopgemaak het word nie aanvaar nie, tot op hierdie stadium gaan ek dit nie aanvaar nie.

Meneer, u het reeds vir die hof gesê, op die stadium toe u met daardie, toe die megafoon gebruik is, toe was die hek nog nie gebreek nie en daar het net 'n klein groepie ingekom. Is die waarheid nie, u wou die polisie daar hinder en u wou dit vir hulle so moeilik as moontlik maak nie? -- Nee.

Maar die aktivering van die sirene het wel tot gevolg gehad dat groter getalle van die inwoners bymekaar gekom het, nie waar nie? -- Dit is so.

En dit het daartoe gelei dat die polisie nie met hulle deursoeking kon voortgaan nie. Nie waar nie? -- Nee.

Sê u hulle kon daardie middag van die 18de nou maar rustig aangaan en die kamers deursoek soos hulle wou? -- Wat ek weet, die polisie het na my toe gekom. Later hulle het 'n versoek gerig, aan my verduidelik en daarna was ek dan in staat gewees om vir die inwoners te sê.

Mnr Mthembu, wat sê u van die besprinkeling wat op die video duidelik blyk daar plaasgevind het op die middag van 18 Junie, wat is die betekenis daarvan? -- Die water staan in vir vrede en die satan se demone weg te jaag.

Word dit vir daardie doeleindes gebruik elke keer wanneer u dit gesien gebruik word? -- Ja. Daarna is daar vrede.

Waar het u die gebruik gesien, behalwe op 18 Junie? -- By KwaMadala Hostel.

Het u dit voor 17 Junie 1992 by tye nodig geag om so water te besprinkel oor mense om die bose geeste te verdryf en vrede te bring? -- Ja, die dag toe die topbestuur van Yskor daar

gekom/...

gekom het, die water is toe gebruik, want daar was nie 'n ooreenkoms nie.

is dit nou by geleentheid waar Yskor vir julle uit die hostel uit wou sit dat... (onhoorbaar - tolk tussenin) daaroor gepraat het? -- Ja.

Nou wanneer het hierdie besoek plaasgevind wat u nou van praat? -- As ek nie fouteer nie was dit in 1991.

Was dit die enigste ander keer wanneer daar met die water besprinkel is, of was daar nog ander geleenthede? -- By KwaMadala Hostel, dit het op daardie dag begin gebeur daar by KwaMadala Hostel en weer op die 18de.

Nou toe die topbestuur van Yskor daar kom besoek aflê het in 1991, wie het die besprinkeling gedoen, soos wat u nou reeds vir die hof vertel het? -- Ai, ek kan nie onthou nie.

Word water gebruik wat behandel is, wat geseën is? -- Dit is water van die kraan.

So is die, as u nou sê dat dit hou duiwels weg, is daar, beskerm die water, wat so besprinkel word? -- Indien u daaraan glo.

Nou die geloof dat 'n mens nou in so iets glo, waar kom dit vandaan? -- Indien 'n persoon bekommerd is, kan hy daardie geloof kry.

Is dit 'n gebruik wat van u kinderdae van Natal af kom? -- Ja.

En noem 'n mens die water "Ntelezi"? -- Ja.

Is dit 'n bekende gebruik onder die Zoeloe-mense? -- Dit is so bekend en ek het ook hier by die hof gehoor dat mnr Moloi het ook syne gehad, maar ek weet nie watter tipe syne is nie.

U edele, sal dit miskien 'n geleë tyd wees om die verdaging te neem?

HOF: Ja, die hof sal verdaag.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT**

**MANDLA MOSES MTHEMBU, s.o.e. (deur Tolk)**

HOF: Juffrou, net voor u voortgaan... (tussenbei)

ME DE JAGER: Soos die hof behaag u edele.

HOF: U het aan die beskuldigde 'n stelling gemaak, die korrektheid waarvan ek oor bedenkings gehad het... (tussenbei)

ME DE JAGER: Ja?

HOF: ...maar by ontstentenis van enige besware van die verdedigingskant het ek dit laat voortgaan.

ME DE JAGER: Ja?

HOF: Ek het op daardie stadium ook nie my notas by my gehad nie. Ek het nou my notas gaan nagaan en kon nie stawing vind vir die stelling nie.

ME DE JAGER: Ja u edele.

HOF: Ek het gaan kyk na die oorspronklike oorkonde. Dit wil my lyk of die stelling verkeerd is.

ME DE JAGER: Watter een is dit u edele?

HOF: U het aan hierdie getuienis gestel dat daar namens hom aan Bojosi gestel is dat hierdie getuienis, dit is beskuldigde 53, (73?) sal ontken dat hy ooit gesê het dat daar 37 mense dood is. Dit is nie so nie. Dit is nie wat gestel is nie.

ME DE JAGER: U edele, ek weet die aspek... (tussenbei)

HOF: Bojosi het getuig dat hierdie beskuldigde gesê het hy het inligting dat daar 37 mense dood is. Niemand moet hom vra by wie hy dit gehoor het nie, want dit is sy geheim, volgens Bojosi wat hierdie getuie sou gesê het. Wat gestel is die kwessie van die eie geheim sal ontken word deur beskuldigde 73. Daar is nooit ontken dat hy sal sê dat hy nie gesê het daar is 37 dood nie.

ME DE JAGER: U edele, ek sal dit net graag wil nagaan. Ek het dit vanoggend... (tussenbei)

HOF: Wel die oorspronklike oorkonde is nou beskikbaar... (tussenbei)

ME DE JAGER: Ja, nee, u edele ek sal, ek sal, ek sal - as, ek was onder die indruk dat dit die aard van die stelling was, ek het dit ook met my kollegas se notas vanoggend vergelyk. As die hof my net 'n oomblik gun dat ek net dit... (onvoltooid).

BESPREKING WEG VAN MIKROFOON

ME DE JAGER: U edele, ek sal dit nagaan en ek sal dit onder die hof se aandag bring as dit 'n fout van my kant is.

HOF: U sal dit vind, behalwe as dit op 'n ander plek ook aangeroer word, waar ek dit nie kon vind nie, u sal dit vind op bladsy 428 (bladsy 589 van finale rekord) van die oorkonde.

ME DE JAGER: Dankie u edele, ek sal kyk of ek dit nie nog vanmiddag kan geskied nie. As die hof my net 'n oomblik gee, ek wil kyk of ek nie, terwyl dit nog in die hof is, ek kan... (onvoltooid).

BESPREKING WEG VAN MIKROFOON

ME DE JAGER: Soos die hof behaag u edele.

KRUISONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER (VERV.): Mnr Mthembu, op 18 Junie, die middag toe die polisie die hostel ingekom het en die gebeure wat op die video vasgelê is plaasgevind het, het u opdrag gegee dat die mense gesprinkel moet word? -- Nee.

Sal u met my saamstem dat die besprinkeling, die persone wat daar opstandig was nie kalmeer het nie? -- Ja, ek sal saamstem.

Waaraan skryf u dit toe, hoekom het die mense daar nie gekalmeer nie? -- Dit is omrede dat ek word uitgevra van die rede en ekself weet niks nie. Daar is niks aan my genoem nie. Ook

hulle/...

hulle tradisionele wapens word daarop beslag gelê.

Sê u ook dat die besprinkeling van die "Ntelezi" het ten doel om die mense te kalmeer? -- Dit is so.

Mnr Mthembu, ek wil dit aan u stel dat daardie middag van 18 Junie die opdrag gegee het om die mense, vir die mense om bymekaar te kom, toe die polisie daar was, om dit vir die polisie moeilik te maak om verder daar te deursoek. -- Dit is nie so nie.

HOF: Dit is natuurlik nie wat die staatsgetuies sê nie.

ME DE JAGER: Verskoon tog u edele?

HOF: Dit is natuurlik nie wat u staatsgetuies sê nie.

ME DE JAGER: Ek is nou nie heeltemal... (tussenbei)

HOF: Dat hierdie een dit vir die mense moeilik gemaak het, vir die polisie moeilik gemaak het nie. Hy sê hy is die een wat dit vir die polisie moeilik gemaak het.

ME DE JAGER: Korrek u edele, die sameroeping het 'n bietjie later gebeur. Mnr Mthembu, u sê u het op 22 Junie beplan om 'n vergadering te hou waarop daar gebid sou word? -- Ja.

Hoekom was dit nou nodig dat dit in die middel van die nag gehou word? -- Dit is 'n fout om te sê dit is in die middel van die nag gehou. U kan liewer vir my vra hoe laat dit plaasgevind het.

Hoe laat het dit plaasgevind mnr Mthembu? -- 3.30. (3:30).

In die oggend? -- Ja.

Goed, hoekom 3:30 in die oggend mnr Mthembu, hoekom nie die vorige aand op 'n tyd wat die meeste mense nie slaap nie? -- Eerstens, ek is 'n persoon wat bid. Ek is nie net 'n leier omrede dat ek daar gepos is nie.

Ja? -- Tweedens, wat tyd aanbetref, dit moet akkoord gaan met my gees.

Maar/...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.